# RPO Markverslag

## Week 19 van 2026

Week geëindig op 08 Mei 2026





**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 08 Mei 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | R43.06 | 0.2% | 0.6% | 17.9% |
| A2 (R/kg) | R61.75 | 0.7% | 0.0% | -9.5% |
| B2 (R/kg) | R57.59 | 0.3% | 0.1% | 1.3% |
| C2 (R/kg) | R57.19 | 0.5% | 0.1% | 10.1% |


## Speenkalwers

Die speenkalfprys het in Week 19 redelik onveranderd gebly teenoor die vorige week en is tans 17.9% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die huidige sywaartse tendens is ongehoord vir die tyd van die jaar en kan toegeskryf word aan ‘n volgehoue laer aanbod van speenkalwers in die mark. Die verwagting is steeds dat die prys moontlik kan daal in Junie en vanaf Julie weer ‘n stygende tendens kan volg. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in Junie ongeveer R42/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R39/kg en nie hoër as R46/kg behoort te wees nie.




## A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 19 met 0.7% gestyg teenoor die vorige week en is tans 9.5% laer as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n laer aanbod van karkasse in die mark. Die verwagting is dat die prys effens kan styg tot in Junie en moontlik weer in Julie kan daal. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Junie ongeveer R61/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R55/kg en nie hoër as R69/kg behoort te wees nie.





*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*


RMIS UFS RPO

# RPO Markverslag

## Week 19 van 2026


Week geëindig op 08 Mei 2026




**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 08 Mei 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse.
Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| **Stoorlam (R/kg)** | **R48.45** | **-1.2%** | **3.3%** | **5.6%** |
| **A2 (R/kg)** | **R102.93** | **2.0%** | **2.3%** | **0.4%** |
| **B2 (R/kg)** | **R77.17** | **6.2%** | **3.0%** | **9.0%** |
| **C2 (R/kg)** | **R77.74** | **7.8%** | **2.9%** | **17.9%** |


## Stoorlammers




Die stoorlamprys het in Week 19 met 1.2% gedaal teenoor die vorige week en is tans 5.6% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan ‘n volgehoue hoër aanbod op lammers in die mark. Die verwagting is steeds dat die prys kan styg na Junie soos die aanbod verminder tydens die winter. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in Junie ongeveer R53/kg te wees, terwyl dit nie laer as R48/kg en nie hoër as R57/kg behoort te wees nie.

## A2 Lamkarkasse

Die A2 lamkarkasprys het in Week 19 met 2% gestyg teenoor die vorige week en is effens hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n volgehoue laer aanbod op lamkarkasse tans in die mark. Die verwagting is dat die prys ‘n stygende tendens kan volhou tot in Augustus soos die aanbod op karkassse verminder tydens die winter. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Junie ongeveer R103/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R95/kg en nie hoër as R111/kg behoort te wees nie.




RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO